

SEISOENORSIG

Bladsy

04

Geskryf Deur:
Stefan Jordaan, VAMF

BEROEP OM SKOON PRODUK TE LEWER

Bladsy

15

Geskryf Deur:
Madene Conradie, Raisins SA

HUIDIGEINNAME VOLUMES 2025

Bladsy

21

Geskryf Deur:
Madene Conradie, Raisins SA

IN DIE UITGAWE:



VK besoek
terugvoer

Bladsy
11



Personeel skuiwe na Vine
Academy and Model Farm

Bladsy
24

CONTENT DISCLAIMER AND WAIVER

All information obtained from authors and/or various role players within the sector was done and compelled by the various entities as cited under each article. This is the opinion of the various authors, as indicated. Raisins SA cannot be held liable for any misleading and/or faulty data.

It is however the responsibility of Raisins SA to evaluate the quality and/or accuracy of all content published to ensure that all role players obtain the most accurate and latest studies and/or news within the sector, while taking account the author's right to freedom of speech. As Raisins SA is not the author of all the content, Raisins SA will not accept any liability with regards to published articles/statistics/data analysis and/or any other related data/factual article published.

Raisins SA would also like to emphasize that all information received and/or sent will be utilized for the intended purpose and protected in terms of the POPIA Act.

Voorwoord

Aan ons gewaardeerde produsente en verpakkers – ons lede van Raisins SA

Die 2025-seisoen bring nie net unieke uitdagings nie, maar ook nuwe geleenthede vir groei, aanpassing en samewerking. In 'n tyd waarin produsente al meer as 50% van die oes gelewer het en die kwaliteit weens humiede weerstoestande ietwat swakker is as in 2024, die internasionale markdinamika vinnig besig is om te verander en tegniese eise aan produksie aanhou toeneem, is dit belangrik dat ons as bedryf fokus behou en strategies saamwerk.

Ons staan voor uitdagings soos om die omvang van vasgevangne korrelsteeltjies (Embedded capstems) in ons produk te verminder, hoë humiditeit wat die droogproses bemoeilik, en 'n EU-mark wat toenemend strenger raak oor plaagdoder-residue – spesifiek die verbod op Acetamiprid ('n reuklose neonicotinoïede insekdoder) vanaf Augustus. Maar te midde van dié realiteite sien ons ook die potensiaal om ons eie uitdagings aan te spreek en markgeleenthede te benut.

Dit is bemoedigend om te sien hoe ons produsente en verpakkers aanpas, hoe daar vasgebyt word in die lig van onsekerhede rondom Amerikaanse invoertariewe, en hoe die fokus op gehalte en nakoming onwrikbaar bly. Die feit dat Suid-Afrika nie afhanklik is van verbode middels soos Acetamiprid in rosyne nie, gee ons 'n mededingende voordeel in sensitiewe markte soos die EU.

“

Nou is die tyd om nie net reaktief te wees nie, maar vooruit te beplan.

”





As lede van Raisins SA vorm ons eenheid die kern van die bedryf se sukses. Julle terugvoer tydens ons DWPO vergaderings en tegniese komitees, julle bedryfsinsette by Agri SA en Agbiz, julle samewerking en julle toewyding maak dit moontlik om die integriteit van ons bedryf te behou en verder te versterk.

Mag hierdie seisoen – ten spyte van sy uitdagings – vir julle vol geleenthede wees.

Ons is teenoor ons Skepper dankbaar vir 'n besondere oesjaar, en bly vas oortuig dat, met geloof, vasberadenheid en gesamentlike inspanning, ons die waarde van die Suid-Afrikaanse rosyntjie op die wêreldtoneel verder kan verhoog.



Met waardering,

Wessel Lemmer



Inhoud

NAVORSING & ONTWIKKELING

02. Klimaatoorsig: Kwartaal een >

04. Seisoenoorsig >

06. Nuwe Kultivar Evaluering en
Onderstok-Proewe by die
Vine Academy and Model Farm >

MARKTOEGANG, INTELLIGENSIE & ONTWIKKELING

11. VK besoek terugvoer >

14. Groei en Uitdagings in die
Suid-Afrikaanse Rosynbedryf >

15. Beroep om skoon produk te lewer >

16. Verbeterde Uitvoerkapasiteit:
Samewerking Tussen Bedryf
en Regering >

17. South Africa's Agricultural Export
Growth: Opportunities and
Challenges in the UK Market >

19. PPECB droogbaanoudits 2025 >

21. Huidige Inname Volumes 2025 >

INLIGTING & KOMMUNIKASIE

23. Personeel skuiwe na
Vine Academy and Model Farm >

26. HMO-LEERDEROES >

27. Het jy geweet >

28. Raisins SA Meriete Studente 2025 >

29. Agri SA erken 4,4% nasionale
minimumloonverhoging >

30. Verklaar jou boerdery se jaarlikse
lone by die Vergoedingingsfonds >

32. Kantoornuus >

33. Raisin hot cross scones >

35. Landboupraatjie uitnodiging >

36. Kalender >

BEDRYFSTRUKTURE

41. Terugvoer oor lugspatte vir 2024/25
in Benede-Oranjerivervallei >

43. 2025 harvest and first term done in
the blink of an eye at the VAMF >

46. Techinal Short Courses & Stellenbosch
University Modular Courses >

47. Technical Short Courses >

48. Short Courses in Table and
Raisin Grape Production >

49. Model Farm Overview >



Navorsing & Ontwikkeling



Klimaatoorsig: Kwartaal een



Geskryf Deur:
Abraham Vermeulen
(Navorsingsontwikkeling
en Innovasie Bestuurder)

Die afgelope seisoen se klimaat was weereens gunstig vir wingerdverbouing langs die Oranjerivier asook in die Olifantsrivier-area.

Die Olifantsrivier-area het gereelde koeler toestande ervaar as gevolg van kouefronte wat kort op mekaar deur die area beweeg het. Warmer droë toestande is ook later die somer ervaar, wat die droging van rosyne bevorder het.

Die seisoen langs die Oranjerivier het afgeskop met enkele hittegolwe rondom blom en later in die seisoen het warm tot baie warm droë weersomstandighede geheers. Minimale reënval is aangeteken in die eerste twee maande van die jaar, met slegs enkele areas wat donderbuie en gepaartgaande skade gekry het. Met die warm droë weer wat tot onlangs ervaar is, was droogtoestande vir rosyne optimaal. Die afgelope twee weke het sake egter versleg, met die gereelde reën, het vrot begin intree in areas wat hoë reënval gekry het.

Die langtermyn voorspelling van Johan van der Berg (Januarie 2025) het voorspel dat die reënseisoen langs die Oranjerivier, na die tweede helfte van Februarie sal begin, en dit het dan ook so gebeur. Sekere areas het bo-gemiddelde reënval ervaar terwyl meeste areas naby aan die gemiddelde reënval vir die seisoen loop. (Sien Tabel 1 - Totale reënval syfers aangeteken Januarie tot Maart 2025 op die volgende bladsy).

Die laat somerreën het verder tot gevolg gehad dat druiwe wat nog in wingerde was, begin vrot het en vir produsente skade begin berokken het.



Dit vertraag ook die drogingstydperk wat tot twee dae langer kan neem op sementbane en vyf dae langer op swaelrakke.

Die afgelope seisoen was dus 'n warm droë-seisoen, wat met reën geleenthede sal afsluit. Dit mag lei tot laat seisoen infeksies van siektes, soos Witroes en Donskimmel. Produisente word dus nogsteeds gewys dat na-oes bespuitings van fungisiedes belangrik is vir koolhidraat reserves se opbou.

Vooruitskattings dui ook daarop dat die eerste gedeelte van die winter warmer sal wees en koue eers later sal intree, met koue wat dan ook later in die komende groeiseisoen mag voorkom.


Tabel 1: Totale reënval (mm) per maand aangeteken per area.

Area	Januarie '25	Februarie '25	Maart '25*	Totale reënval
Augrabies	1.0	4.3	21.4	26.6
Paarden Eiland	9.0	18.4	7.4	34.8
Kakamas	6.8	20.6	18.4	45.8
Keimoes Koms	6.2	17.2	75.4	98.8
Kanoneiland (Binne)	4.8	19.4	85.2	109.4
Kanoneiland (Buite)	46.6	13.0	42.4	102.0
Klippunt	64.4	17.6	42.8	124.8
Upington (Binne)	67.6	32.8	98.2	198.6
Grootdrink	44.2	39.8	55.4	139.4
Groblershoop	47.6	21.4	67.0	136.0
Vredendal	0.8	0.2	0.0	1.0
Vanrhynsdorp	0.4	1.0	0.6	2.0

* Syfers tot en met 20 Maart 2025



Seisoenoorsig



Geskryf Deur:
Stefan Jordaan,
VAMF

Die 2025-oes seisoen het onder gunstige omstandighede begin. Alhoewel die wingerd later as normaal gebot het, het die oes steeds betyds afgeskop.

Reënval was grootliks beperk tot wolkbreuke in Maart, veral vanaf Keimoes tot Groblershoop, terwyl ander areas minder reën ontvang het. Oor die algemeen was die weersomstandighede ideaal vir die droog van rosyne, gedurende die eerste helfde van die seisoen, maar laat seisoen-reën het 'n tekort aan droogspasie tot gevolg gehad, wat 'n uitdaging vir produsente ingehou het. Olifantsrivier se reënval was basies geen met baie gunstige kondisies. Opbrengste is goed met baie goeie produksie en selfs die korente het uitstekend presteer. Water beskikbaarheid is ook vir 'n eerste in baie jare genoegsaam.

Kultivarprestasies en Oesskatting

Die prestasie van verskillende kultivars was merkbaar. Selma Pete het besondere goeie droogverhoudings getoon, terwyl laat kultivars soos Merbein later in die seisoen verrotting weens die reën begin toon het. Daar is steeds 'n aansienlike hoeveelheid druiwe op die droogbane, en voorlopige skattings dui daarop dat die verwagte oes in baie gevalle oortref is. Met goeie pryse en 'n totale oesskatting van die hoogste in Suid-Afrika se geskiedenis, toon hierdie seisoen om 'n baie belowende een vir die rosynebedryf te wees.



Boordigiëne en Insekbeheer

Boordigiëne bly 'n belangrike aspek van volhoubare produksie. Verskeie nuwe kultivars het 'n geneigdheid om natrosse te vorm wat ná die oes aan die wingerde bly hang. Dit is noodsaaklik om hierdie trosse te verwyder om potensiële insekprobleme te beperk. Natrosse dien as 'n ideale broeiplek vir vrugtevlieë en selfs ander insekte, wat mettertyd tot 'n beduidende ekonomiese impak kan lei. Die R&D-span van Raisins SA het hierdie seisoen verskeie probleemareas gemonitor en druiwe gemeet om 'n meer akkurate bepaling van die ekonomiese impak te maak.

Belangrike Aksies vir Optimale Reserwe-opbouing

Na afloop van 'n seisoen is daar kritiese aksies wat verseker dat optimale reserwes opgebou word vir die komende oes:

- Verseker goeie swambestuur teen witroes en donsskimmel, aangesien gesonde blare die “fabriek” van die wingerdstok is.
- Wingerde moet oopgetop bly om voldoende deurligting en lugvloei te handhaaf.
- Die beste tyd vir onkruidbeheer is Maart tot April, wat nou geïmplementeer behoort te word. Oorweeg sterk dekgewas verbouing hier wat tweeledig is met grondkondisionering asook onkruid onderdrukking.



*Die seisoen was en is nogsteeds
voorwaar 'n seëning van bo!*





Nuwe Kultivar Evaluering en Onderstok-Proewe by die Vine Academy and Model Farm



*Geskryf Deur:
Abraham Vermeulen
(Navorsingsontwikkeling
en Innovasie Bestuurder)*

Vine Academy and Model Farm (VAMF) is daartoe verbind om nuwe droogdruifseleksies of kultivars te evalueer vir moontlike toevoeging tot die bestaande droogdruif kultivars beskikbaar.

By die VAMF is daar in 2022-23 besluit om 'n wingerd te vestig met vier seleksies vanuit die Landbou Navoringsraad (LNR) Infruitec-Nietvoorbij se teelprogram. Daar is verder besluit om elk van die vier seleksies alreeds op vyf verskillende onderstokke te vestig, sodat evaluering op onderstokke gelyktydig kan gebeur. Daar is ook besluit om die seleksies te vestig met langbeen-stokke.





Die seleksies wat bekendgestel is was:



G4-4040, G4-220, G6-5853 en G3-5315

Die wingerdblok is gevestig op tipiese alluviale binneground van die Oranjerivier. Daar was lusern vir vier jaar daarop verbou voordat die grond voorberei is vir die plant van die seleksies. Die seleksies is in September 2023 aangeplant. Na aanplanting is daar die normale standaard wingerd verbouings praktyke soos op VAMF gevolg.

Kort na bot en vroeg voor blom is daar alreeds in 2024 gesien dat die seleksies 'n goeie oes sou lewer. In Oktober 2024, is daar toe besluit om die seleksies aan produsente bekend te stel. Daar is gevolglik 'n Kultivar Proewe Opedag vir 22 Januarie 2025 begin reël. Die idee agter die Opedag was om produsente te wys watter nuwe seleksies moontlik in die toekoms beskikbaar kan raak vir aanplanting in die bedryf.

Met die aanbreek van die Opedag 22 Januarie 2025 was VAMF-personeel baie opgewonde en het hul die produsente in drie sesies deur die loop van die middag ontvang, die hoofdoel hiervan was sodat die groepe kleiner kan wees vir interaksie. In totaal was daar 81 produsente teenwoordig. Dr Andries Daniels, wat voorheen die kultivar-evaluering by die LNR behartig het, het die produsente kortliks ingelig oor die geskiedenis en die ontstaan van die Kultivar-evaluerings projek by VAMF.



G4-4040:

Die selksie is 'n wit druif wat 'n besondere muskaatgeur beskik en ook die muskaatgeur behou na die droogproses. Dit bevat ook tans geen saadspoor.



G4-220:

Die seleksie, ook 'n wit druif, is baie vrugbaar en het die potensiaal om verhoogde oeste te lewer. Dit het ook tans geen saadspoor.



G6-5853:

Die seleksie is 'n witdruif wat beide die weerstandbiede gene teen witroes en donsskimmel bevat. Dit is uniek en kan 'n geweldige voordeel in jare hê wanneer siektedruk hoog is. Tans is die produksie potensiaal laag hier, maar neem in ag die stokke is 16 maande na plant.



G3-5315:

Hierdie seleksie is nog 'n vrugbare, witdruif wat aanvanklik tydens evaluering redelik vroeg was, maar na 'n paar jaar se evaluasie het die seleksie moontlik te laat ryp begin word.

In die kultivar-evaluerings blok is daar intussen ook nog Sun Muscat in Desember 2023 afge-ent op twee verskillende onderstokke, nl. 143B en Paulsen. Die Sun Muscat is deur SAPO virus gereinig en beskikbaar gestel aan VAMF sodat deeglike evaluering daarop ook gedoen kan word. Daar is ook ander IP-eienaars se nuwe seleksies in Oktober 2024 aangeplaant wat ook vanaf volgende jaar ge-evalueer sal word.

Tydens die Opedag is produsente ook die geleentheid gebied om die Onderstok-proefperseel by VAMF te besoek. Die Onderstok-proewe word in samewerking met die Suid Afrikaanse Tafeldruif Industrie (SATI) befonds en word bestuur deur PROVAR, 'n onafhanklike evaluerings maatskappy. Me Kebo Toolo, die onafhanklike evalueerder van Provar, het die agtergrond van die proef aan produsente voorgedra en daarna kon die produsente self deur die perseel loop.



Die Onderstok-proef by VAMF is aangeplant in 2022 met Selma Pete afge-ent op sewe verskillende onderstokke. Twee van die onderstokke (143B en Paulsen) is gebruik as verwysings onderstokke, met ander woorde om te vergelyk met die nuwe onderstokke.

Die nuwe onderstokke is:

Kingfisher, Freedom, Minotuar, GRN-2 en GRN-4.

Kingfisher is 'n sterk groeiende onderstok wat weerstandbiedend is teen knopwortel aalwurm en bewortel maklik.

Freedom is 'n sterk groeiende onderstok wat weerstandbiedend is teen knop-wortel- en dolk aalwurms en is ook redelik weerstandbiedend teen filoksera.

Minotuar is 'n sterk groeiende onderstok wat knop-wortel aalwurms totaal onderdruk.

GRN-2 is 'n lae tot medium sterk groeiende onderstok wat ook goeie weerstand het teen verskeie belangrike aalwurms, is droogte asook nat tolerant en het min invloed op stok volwassenheid.

GRN-4 is weerstandbiedend teen letsel- en ring-aalwurms en is ook weerstandbiedend teen filkoseera.



Die produsente was oor die algemeen baie beïndruk met die navorsing wat tans by VAMF plaasvind. Waardevolle terugvoering oor die nuwe kultivars asook die onderstok-proef is deur produsente gegee.

“

VAMF bly gefokus op navorsing en ontwikkeling, maar op 'n innoverende manier.

”



Marktoegang, -intelligensie & -ontwikkeling



VK besoek terugvoer



*Geskryf Deur:
Madene Conradie,
Raisins SA*

Die VK is 'n baie prominente rosyne mark, en voer jaarliks ongeveer 100 000 ton se rosyne in.

Vanaf 9-14 Februarie 2025 het 'n groep aankopers vanaf verskeie VK maatskappye die Upington-area besoek, met die doel om meer rosyne vanaf Suid-Afrika aan te koop. Die groep het Carpe Diem Raisins, PepsiCo, Prosperitas en RedSun Raisins se fabriek besoek, twee produsente, asook die Vine Academy and Model Farm in Kakamas.

Emma Carnaby, werksaam by Allied Bakery Foods (ABF), het deel gevorm van dieselfde tipe delegasie wat SA besoek het in Januarie 2024. ABF koop jaarliks ongeveer 9 000 ton se rosyne aan. ABF het bekendgemaak dat hul aankoopstrategie moet diversifiseer, en poog om 3000* ton se rosyne vanaf SA aan te koop vanaf 2025/26.

Twee ouditeure vanaf ABF het ook die besoek meegemaak (een vir voedselkwaliteit en een vir ESG – Environmental, Social and Governance), met hul eie program vir die week. Hulle het oudits gedoen by Carpe Diem Raisins, PepsiCo en RedSun Raisins.

Die voedselkwaliteit inspeksie was hoofsaaklik in die fabriek uitgevoer. Die ESG gedeelte was uitgevoer deur middel van onderhoude met die werknemers van die fabriek, asook deur plaasbesoeke aan produsente en onderhoude met die werkers.





Die ESG oudit fokus op:

- Sedex inligting
- Werksomstandighede in die fabriek
- Supply chain mapping
- Supply chain opvoeding
- Kinderarbeid
- Werk- en leefomstandighede
- OHS (Occupational Health and Safety)
- Interne oudits en risikobestuursisteem
- Griewe-sisteem
- Verslagdoeningsisteem
- Belanghebbende kartering
- Harvesting future project activities
- Verskaffer deursigtigheid
- Volhoubaarheidprojekte deur verskaffer
- Bewusmaking van etiese handelsoptrede
- Omgewingsaktiwiteite

Die ESG gedeelte gaan 'n al meer belangrike rol begin speel in die aankoopstrategie van die groot maatskappye. ABF het genoem dat OHS (Occupational Health and Safety) tans ontbreek op plaasvlak in Suid-Afrika. Dit is iets wat Raisins SA sal poog om produsente mee by te staan en in plek te kry. In terme van ESG het SA alreeds 'n baie groot voordeel teenoor Turkye, waar daar kinderarbeid is en die nodige dokumentasie vir werknemers ontbreek.

Turkye is Suid-Afrika weer voor in terme van die skoonheid van hul produk. Produk van SA het 'n wesenlike probleem met vasgevang kapstingels “embedded capstems”.

Tydens 'n hoëvlak tegniese bespreking is die volgende as moontlike redes genoem:

- Turkye neem produk teen 'n laer vog in, dus verwyder kapstingels makliker.
- Turkye sny hul produk teen laer suikers, wat die druif stywer en minder vlesig maak, en dus nie die kapstingel vasvang nie.
- Die Turke se produk word in kleiner houers ingeneem. Die gewig van die produk in ons ±450kg bins kan moontlik 'n rol speel in die vasgevang kapstingels.
- Turkye het nie eintlik Merbein nie – dit wil voorkom asof die grootste probleem in terme van kapstingels onder Merbein rosyne gevind word.

Voorbeelde van monsters wat aan ABF gestuur is:

Beide hierdie monsters, gestuur in 12,5kg bokse is geoudit. Elke monster is met die hand gesorteer om elke rosyntjie uit te haal wat 'n “capstem” aan het. Daar was 'n beduidende verskil tussen die twee lande se monsters.



Foto 1

Monster vanaf Suid-Afrika



Foto 2

Monster vanaf Turkye

**Indien die 3 000 ton teen \$2100/ton, en USD/ZAR16,50 verkoop word (alles baie konserwatief), is die totale waarde van die transaksie ongeveer R100 miljoen.*

Ons moet egter poog dat Suid-Afrika die voorkeur mark bly in terme van kwaliteit en skoonheid van ons produk om te verseker!



Ongeveer 93% van die rosyntjies wat deur ABF aangekoop word, word in gebak gebruik. Met die gevolg dat hulle die Turkse produk bo ons sin verkies omdat hulle reeds verwerkte produk aansienlik minder “capstems” bevat. Niemand wil ’n stingeltjie in hul gebak raak byt nie.



Groei en Uitdagings in die Suid-Afrikaanse Rosynbedryf



*Geskryf Deur:
Wessel Lemmer*

Beste Lede.

Die Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf staan op 'n kruispad van groei en uitdagings. Met 'n verwagte rekord-oes van 104 000 ton hierdie jaar, toon ons bedryf sy veerkragtigheid en wêreldklas-produksievermoë. Ons uitvoere na die VSA beloop tussen 10 708 ton en 12 618 ton per jaar, wat meer as 10% van ons totale oes verteenwoordig.

Dit maak Suid-Afrika die grootste verskaffer van rosynne aan die VSA, waar ons 52% van hul invoerbehoefte dek. Die afgelope paar jaar het ons uitvoere na die VSA teen 'n indrukwekkende tempo van 33% per jaar gegroei. Hierdie sukses is deels te danke aan die tariefvrye uitvoer wat deur die AGOA-handelsooreenkoms moontlik gemaak word. Sonder hierdie voordele kan ons egter 'n tariefverhoging op uitvoere na die VSA in die gesig staar - 'n ontwikkeling wat groot implikasies vir ons bedryf kan hê. Ons werk daarom nou saam as lid by Agbiz om te verseker dat u belang intensioneel bevorder word.

Terwyl ons hierdie uitdagings navigeer, bly Suid-Afrikaanse produsente en uitvoerders gefokus op volhoubare groei en die lewering van hoëgehalteprodukte aan ons internasionale kliënte. Ons bly optimisties dat diplomatieke en ekonomiese oplossings gevind sal word om hierdie momentum te behou.

Dankie vir u ondersteuning en toewyding aan Raisin SA.



Mag hierdie jaar vir ons almal 'n suksesvolle en vrugbare een wees!





Beroep om skoon produk te lewer



Geskryf Deur:
Madene Conradie,
Raisins SA

Vanaf Raisins SA se perspektief doen ons 'n beroep op produsente om aandag daaraan te skenk om 'n skoon produk te lewer.

Die onderstaande foto toon die onsuierhede wat gedurende een skof by 'n plaaslike verpakkingsaanleg verwyder is.



Kwaliteit begin op plaasvlak.




Die PPECB SAGAP oudits het reeds 'n groot bydrae gemaak om die voorkoms van vreemde voorwerpe wesenlik te verminder, maar daar is steeds heelwat werk wat gedoen moet word.





Verbeterde Uitvoerkapasiteit: Samewerking Tussen Bedryf en Regering



*Geskryf Deur:
Wessel Lemmer,
Raisins SA*

Op 12 Februarie 2025 is 'n belangrike samewerkingspoging tussen Agbiz, Transnet Port Terminals, die Wes-Kaapse Regering, en sleutelbedryfsrolspelers aangekondig om die kapasiteit van houeruitvoere by die Kaapstadse Houerterminaal te verbeter.

Die projek, wat tydens die piek seisoen vir bladwisselende vrugte geïmplementeer word, sluit die installasie van twee bykomende 500kVA kragopwekkers met 60 koelhouerproppe elk in. Hierdie verbeterings verhoog die terminale se vermoë om groter uitvoervolumes te hanteer, veral tydens uitdagende omstandighede soos sterk windperiodes.

Hierdie inisiatief is 'n loodsprojek vir toekomstige openbare-private vennootskappe en ondersteun die Wes-Kaapse strategie om uitvoere teen 2035 te verdriedubbel deur logistieke doeltreffendheid te verbeter.

Raisins SA, 'n lid van Agbiz, ondersteun hierdie inisiatief as deel van sy verbintenis tot die bevordering van Suid-Afrika se landbou-uitvoere.

South Africa's Agricultural Export Growth:

Opportunities and Challenges in the UK Market

Geskryf Deur: Agbiz

South Africa's agricultural sector continues to thrive, with 2024 set to mark another record year for exports, potentially reaching \$14 billion.

This growth is underpinned by strong fundamentals, including a robust grape industry that supports the country's position as the sixth-largest raisin exporter globally, contributing 6.5% of the world's raisin supply.





Opportunities in the UK Market

The United Kingdom remains a key trade partner, with South African vegetable and fruit exports to the UK reaching £684.3 million in the four quarters leading to mid-2024, reflecting a 16% growth from the previous period. South African raisins are well-positioned to benefit from this trend, offering high-quality produce that meets stringent UK consumer standards. The UK's Economic Partnership Agreement (EPA) with South Africa presents further opportunities for trade facilitation and market expansion. With the right strategic focus, South African exporters can unlock additional value within the UK and EU markets.

Key Challenges to Growth

Despite the positive trajectory, the sector faces ongoing challenges, including logistics bottlenecks, rising energy costs, and infrastructure constraints. Transport costs and delays at ports remain concerns, though recent public-private partnerships have yielded improvements in port efficiencies and energy stability. The government has also committed R65 billion to infrastructure investment, with Transnet opening opportunities for large-scale private sector involvement.



Political and Economic Stability

The South African government recognizes the agricultural sector's significance, given that total agri-exports rival the value of key industries such as vehicle exports and exceed iron ore and manganese exports. The Agricultural and Agro-processing Master Plan (AAMP) provides a strategic roadmap for further sector growth, ensuring continued government support for industries like raisin production.

Global Trade Positioning

Amidst global geopolitical tensions and shifting trade dynamics, South Africa remains strategically positioned as a trade partner to both Eastern and Western markets. The country seeks to maintain eligibility for the African Growth and Opportunity Act (AGOA) while strengthening its trade relationships with the UK, EU, and emerging markets in the Middle East and Asia.

As one of the most diverse and resilient agricultural producers, South Africa is committed to expanding its global footprint while ensuring sustainable and competitive trade.

“

With continued investment and collaboration, the future of South African raisin exports - and broader agricultural trade - remains bright.

”



PPECB droogbaanoudits

Deur:
Madene Conradie,
Raisins SA

2025

Droogbaanoudits is sedert 2018 in werking gestel, om voedselveiligheid en naspeurbaarheid in die bedryf te bevorder. Dit word behartig deur onafhanklike PPECB ouditeure.

Die volgende elemente word deur droogbaanoudits aangespreek:

- Naspeurbaarheid
- Kontaminasie
- Higieëne
- Chemiese middels
- Etiese aspekte

Deur bewyse (die oudits) te kan gee dat daar effektief aan al die bogenoemde maatstawwe voldoen word, word marktoegang bevorder. Dit verseker 'n veilige omgewing waarin voedsel produseer kan word, en dat onveilige produk vinnig onttrek kan word vanuit die mark.

Daar het 246 oudits plaasgevind vanaf 21 Januarie 2025 tot 5 Maart 2025.

Graderings behaal:



66 goue
graderings



23 silwer
graderings



137 brons
graderings

Voldoen nie aan die vereistes nie: 20

Elke produsent kry 5 kalenderdae om “major nonconformances” reg te stel, en 29 kalenderdae om “minor non-conformances” reg te stel. Indien die regstelling buite hierdie raamwerk val, sal die oudit van vooraf gedoen moet word.

Verseker asseblief dat u u regstellings so spoedig moontlik deurgee, om te voorkom dat die inname// uitvoere van u produk gestaak word.



Alle produsente word aangemoedig om van die appèlprosedure gebruik te maak, indien hul nie saamstem met hul droogbaangradering nie. Die proses is as volg:

- ➔ **Produsent rig 'n appèl aan sy verpakker wie die oudit geskeduleer het.**
- ➔ **Die volgende dokumentasie word benodig saam met die skrywe:**
 1. Afskrif van die client contact sheet
 2. Ouditverslag
 3. Checklist
- ➔ **Die verpakker moet die appèl aan Jasperv@ppecb.co.za deurstuur binne 5 werksdae na die oudit plaasgevind het.**
- ➔ **PPECB sal die uitslag van die appèl binne 10 dae na dit afgehandel is, aan die verpakker deurgee.**

Die appèlprosedure sluit die uitslag van watertoetse UIT, maar die gradering van die droogbaan en die non-conformances tydens die oudit in.

Daar sal 'n industriebetragingsessie wees op 23 Julie 2025, waarna enige veranderinge aan die stelsel aan produsente deurgegee sal word.



NOTA

Graag herinner Raisins SA produsente om asseblief hul droogbaan koördinate deur te stuur aan :



of skakel 079 862 9752.

Die volgende inligting word saam met die koördinate verlang:

- ➔ PUC kode
- ➔ DF kode (Drying Facility)
- ➔ Koördinaat van DF
- ➔ Tipe droogbaan
- ➔ Tipe droging
- ➔ Grootte van droogbaan
- ➔ Kapasiteit van droogbaan (nat tonne) op een slag



Huidige Inname Volumes 2025

Deur: Madene Conradie, Raisins SA

Die totale geraamde volume rosyntjie-inname vir Suid-Afrika vir die 2025-oes staan tans op ongeveer 66 765 ton (gerapporteer op 25 Maart 2025).

Die tweede gedeelte van die oes is uitgedaag deur wydverspreide reëns, wat nadelige gevolge vir die kwaliteit kan inhou. Tegnieuse persone is steeds versigtig optimisties dat die 104 000 oesskatting kan realiseer.

Product Type	20-24 Jan	27-31 Jan	03-07 Feb	10-14 Feb	17-21 Feb	24-28 Feb	03-07 March	10-14 March	17-20 March	"TOTAL (Week-To-Date)"
	Week 4	Week 5	Week 6	Week 7	Week 8	Week 9	Week 10	Week 11	Week 12	
Thompson*	117 550,00	2 035 456,25	1 993 331,71	3 952 486,68	5 387 253,08	5 006 079,20	7 076 840,93	5 731 997,54	6 250 696,00	37 551 691,37
Thompson JUMBO	20 680,00	40 643,85	34 235,25	15 916,71	68 640,04	95 691,74	25 154,97	56 244,41	91 849,83	449 056,78
Goldens	1 590,00	300 855,39	185 984,53	589 685,04	860 540,14	1 237 750,94	1 677 124,57	1 082 975,94	632 251,04	6 568 757,58
Goldens JUMBO	38 517,00	98 315,75	190 054,50	129 084,73	80 048,65	292 916,13	160 173,06	46 063,31	150 615,47	1 185 788,59
SA Sultana	161 927,00	1 088 477,65	971 643,52	898 650,77	1 020 541,88	686 164,24	1 717 904,01	648 144,25	710 028,75	7 903 482,07
OR Sultana	308 184,25	570 334,50	349 066,01	528 473,26	299 660,00	288 723,85	496 114,50	148 839,50	29 900,00	3 019 295,87
Flame	21 515,00	429 098,09	348 083,30	675 093,53	460 365,52	667 602,25	907 202,55	762 071,27	524 560,02	4 795 591,53
Currants	0,00	51 054,00	375 029,50	346 791,50	567 966,00	258 370,00	575 725,50	624 191,50	449 755,50	3 248 883,50
Other	31 440,00	476 291,97	152 966,14	199 462,56	145 861,13	290 998,13	202 507,62	216 945,55	326 650,21	2 043 123,31
TOTAL {2025}	701 403,25	5 090 527,43	4 600 394,46	7 335 644,78	8 890 876,42	8 824 296,47	12 838 747,70	9 317 473,26	9 166 306,81	66 765 670,58
